Downloaded from Stanmorephysics.com

# KZN DEPARTMENT VAN ONDERWYS
# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

**TYDSDUUR : 1 UUR** **GRAAD : 9** **PUNTE : 45**

**MAART 2019**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord.

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:
   AFDELING A: Leesbegrip (20)
   AFDELING B: Taalstudie (25)
2. Beantwoord **AL** die vrae
3. Volg die instruksies aan die begin van elke afdeling.
4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

## VRAAG 1

## TEKS A: TYDSKRIF ARTIKEL

Lees die onderstaande artikel en beantwoord die vrae.

### Geraldine se Goue Drome

GERALDINE PILLAY was nog altyd blitsvinnig. Toe sy klein was, het sy al haar maats in haar geboortedorp Macassar, in die Wes-Kaap, gewen. Vandag is sy Suid-Afrika se nuwe naelloop-sensasie.

Geraldine (27) vandag van Pretoria, het tien maande gelede besluit sy wil die vinnigste vrou in die land word. Sy het hard geoefen, in die gimnasium, in die swembad en op die atletiekbaan.

Tydens die SA-kampioenskappe in April 2005 in Durban het sy die 200m in 22,78 sekondes gewen. Maar dit is in die 100m wat almal aan die praat het. Sy het dit in 11,07 sekondes gehardloop en byna Evette de Klerk se rekord wat al 15 jaar staan, gebreek.

Downloaded from Stanmorephysics.com

Geraldine glo sy kan haar tyd nog verbeter: "Ek dink ek het nog nie my volle potensiaal bereik nie. Ek mik daarna om die 100m onder 11 sekondes te hardloop.

"Ek sien myself in die Wêreldkampioenfinaal in Helsinki in Augustus vanjaar waar hulle afkondig: 'Geraldine Pillay van Suid-Afrika in baan 5.' " Sy sê verder: "Ek is bly daaroor dat ek 'n verskil kan maak in ons land. Daar is ander atlete van vorige minderbevoorregte gebiede wat na my kan kyk en sê; "as Geraldine dit kan doen, kan ek ook!"

Vrae

1.1 Beantwoord die volgende vrae:

1.1.1 Wie is die heldin van die artikel? Skryf haar naam en van. 1

1.1.2 Hou oud is sy? 1

1.1.3 Waar woon sy nou? 1

1.1.4 Noem die drie plekke waar hierdie heldin geoefen het. 3

1.1.5 Wanneer was die kampioenskappe in Durban? 1

1.1.6 Wat is Geraldine se "goue droom" 1

1.2 Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter van jou keuse neer.

1.2.1 Geraldine is gebore in .....

A Pretoria    B Durban

C Macassar    D Helsinki

1.2.2 Die wêreldkampioenskap in Helsinki is in .....

A April    B Augustus

C September    D Oktober 2

1.3 Watter een is NIE KORREK NIE? Skryf slegs die nommer en die letter van jou keuse neer:

1.3.1 Geraldine ...

A is 'n atleet    B het die 100m gewen

C het die 200m gewen    D het die 300m gewen 1

1.4 Sê of die volgende sinne WAAR of ONWAAR is. Motiveer jou antwoord.

1.4.1 Geraldine is vandag Suid-Afrika se ou swem-sensasie. 2

1.4.2 Sy het vier maande gelede besluit om die stadigste vrou in ons land te word. 2

{15}

Downloaded from Stanmorephysics.com

**TEKS B : ADVERTENSIE**

Kyk na die advertensie en beantwoord dan die vrae.

| |
|---|
| GRATIS NOKIA 5200 |
| R145 per maand X 24 op Casualchat 100 |
| JY KRY 100 nie-spits minute |
| *Stereo FM Radio Plus Gratis Nokia 2630 + 120SMSe x 24 Maande<br>*VGA-kamera<br>*MP3-speler |
| Vir gerief. Vir jouself. |
| SMS die woord CELLC na 36414 tussen 1 en 30 Junie en jy kan een van 4 binnelandse vlugte wen. SMS kos R5. |

1.5 Kies die korrekte antwoord uit die moontlikhede en skryf slegs die letter van jou keuse neer.

1.5.1 Watter **selfoonnetwerk** adverteer in die advertensie?
- A Cell C
- B MTN
- C Telkom
- D Vodacom

1.5.2 Kies **EEN WOORD** uit die advertensie wat sê dat 'n m persoon nie vir die Nokia 5200 moes betaal nie.
- A FM Radio
- C gratis
- C VGA-kamera
- D MP3-speler

1.5.3 Vir **hoe lank** moes 'n persoon **betaal** aan die kontrak?
- A 24 jaar
- B 2 jaar
- C 12 maand
- D 52 maand

3

1.6 Wat kan jy **WEN** as jy 'n SMS na 36414 stuur? 2

1.7 Hoeveel sal 'n SMS kos ? 1

{6}


**TOTAAL vir AFDELING A [20]**

Downloaded from Stanmorephysics.com

## AFDELING B: Taalkunde

### VRAAG 2

Lees die onderstaande strokies uit: <u>www.litnet.co.za</u> deur en beantwoord die vrae wat daarop gebaseer is.




2.1 Skryf die volgende sin in die **Ontkennende Vorm:**

2.1.1 Ek moet vanmiddag ekstra-Wiskundeklas toe gaan. 1
2.1.2 Neelsie sit êrens onder 'n boom. 1

2.2 Skryf die volgende sin in die **Verlede Tyd:**

2.2.1 Ek moet vanmiddag ekstra-Wiskundeklas toe gaan. 1
2.2.2 Neelsie loop na die rivier toe. 1

2.3 Skryf die volgende sin in die **Toekomende Tyd:**

2.3.1 Ek gaan ekstra-Wiskundeklas toe. 1
2.3.2 Juffrou Strydom is kwaad vir Neelsie. 1

2.4 Skryf die volgende sin en vul in die **Infinitief** (om … te) in die volgende sin.

Neelsie besluit ( onder 'n boom sit). 1

2.5 Skryf die volgende sin weer oor deur om met die onderstreepte woorde te begin.

Ek moet **<u>vanmiddag</u>** ekstra-Wiskundeklas toe gaan 1

Downloaded from Stanmorephysics.com

2.6 Verbind die volgende sinne met die **voegwoorde** tussen hakies.

2.6.1 Ek gaan nêrens heen nie. Ek wil niemand voortrek nie. (want) 1

2.6.2 Neelsie gaan nêrens heen nie. Hy is siek en sat van die skoollewe. (omdat) 1

2.6.3 Neelsie wil niemand voortrek nie. Hy gaan nêrens heen nie. (daarom) 1

2.7 Skryf die volgende sin in die **Lydende Vorm**.

Meneer bel Neelsie se ma. 2


2.8 Skryf die volgende sin in die **Indirekte Rede.**

Neelsie sê: "Ek gaan skool toe. " 2

**Totaal [15]**

**VRAAG 3**

**Bestudeer die volgende prentjie goed deur en voer dan die instruksies uit. Skryf net die nommer en jou antwoord daarlangs.**



3.1 Kies die **korrekte woord**b van dié tussen hakies

Die (gesin , familie) in die prentjie bestaan uit 5 mense.

Downloaded from Stanmorephysics.com

3.2 Skryf **Een Woord** in plaas van die woorde tussen hakies.

Die (ma en pa) sit op die sofa.

3.3 Skryf die **meervoud** van die woord tussen hakies neer.

Op die ma se skoot sit twee (kind).

3.4 Skryf die **korrekte vorm (vergrotende trap)** van die woord tussen hakies neer.

Die seuntjie is (klein) as die dogter.

3.5 Skryf die **verkleinwoord** van die woord tussen hakies neer.

Die pa se hand rus op die klein (hond) se rug.

3.6 Skryf die **samestelling (een woord)** van die woorde tussen hakies neer.

In sy linkerhand het Dawie, die oudste seun, 'n (rugby + bal ).

3.7 Skryf die korrekte **voornaamwoord** van die woord tussen hakies neer.

Die hond lek Ousus op (sy ; haar) gesig.

3.8 Skryf die korrekte vorm (**verboë vorm**) van die woord tussen hakies neer.

Ousus het mooi (lank) hare.

3.9 Skryf die **woord wat uitgelaat** is in die volgende sin neer.

Aan die muur is daar 'n .......... van die oupa wat dood is.

3.10 Skryf die getal tussen hakies in die volgende sin voluit in **woorde** neer.

Ma is vyf-en-dertig jaar oud en Pa is (40) jaar oud.

**Totaal [10]**